

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Mei 2013



Groei in die kerk?

Lees binne...

- Hoe lyk ons mense? – 1
- Krimpemde lidmaatgetalle – 3
- Konvent verwerp geweld – 4
- Twee baanbrekers in Bybelvertaling – 7

In hierdie uitgawe

- BI 1 Hoe lyk ons mense? (Ds CJ van Wyk)
- BI 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**
Hoe lyk die kerk in ons wêreld?
- BI 3 **Aktuele sake**
My mening oor krimpende lidmaatgetalle (Prof Nelus Niemandt)
Teologiese opleiding aan UP
Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)
- BI 4 **Kerkwêreld**
Conventus Reformatus verwerp geweld (Ds Etienne G Fourie)
Hoe deel ons die evangelie met ander? (Dr Jaco Beyers)
- BI 5 **Kerkwerf**
Kerke stig saam 'n skool in Midrand (Ds Paula Eksteen-Erasmus)
Emerituspredikant oorlede
Klerksdorp-Doringkruin vier fees
- BI 6 **Teologiese gesprek**
Voortdurende gesprek, voortdurende bekering (Ds Martyn Redelinghuys)
- BI 7 **Bybelvertaling**
Ons huldig twee baanbrekers in Bybelvertaling
(Ds Gerrit Kritzinger, verwerk deur ds Wilhelm Steyn)
- Agterblad **Oordenking**
Die hemelvaart bring nuwe hoop (Ds Ferdie Nortje)

Hoe lyk die kerk in ons wêreld?

Dr André Ungerer, redakteur, skryf oor die 70ste Algemene Kerkvergadering wat later vanjaar plaasvind. Die vergadering sal onder meer moet besin oor tendense wat verál die tradisionele kerke onder wit Afrikaanssprekendes konfronteer. Kwyning in getalle hou byvoorbeeld wesenlike gevolge in vir alle terreine van ons kerkverstaan en kerkwees. Tog behoort dalende lidmaatgetalle nie die hoofrede te wees vir besinning oor die toekoms van die Kerk nie. Die blote najaag van getalle om die instituut in stand te hou, sal in die langtermyn teenproduktief wees, en is ook nie prinsipieel houbaar nie.

Met prinsipiele besinning oor kerkwees in die toekoms behoort die Kerk haar besig te hou met vrae soos: Hoe kan ons kerk in Suid-Afrika wees sonder om met 'n voortdurende proses van eie sterwensbegeleiding besig te wees? Watter kundigheid en vaardighede kan die Hervormde Kerk aan kerke onder alle bevolkingsgroepe bied sonder om noodwendig 'n proses van assimilasie te ondergaan? Hoe kan gemeentes in hul onderskeie gemeenskappe betrokke raak en verskil maak as gestuurde dissipels van Jesus Christus?

Die Hervormde Kerk kan besluit om laer te trek – net om verder te kwyn en dalk uiteindelik te verdwyn, of die Kerk kan die toekoms omarm en instrumenteel word in die opbou en welstand van die snelgroeiende Christendom, hier in Afrika suid van die Sahara.

Hoe lyk ons mense?

Ds CJ van Wyk van Gemeente Randburg vertel van die navorsing wat sy gemeente in Oktober 2012 gedoen het. Dit is nie gedoen om 'n teikenmark te identifiseer nie, maar bloot om uit te vind wie die lidmate werklik is en hoe die lidmate dink en voel oor sekere sake in die Hervormde Kerk en spesifiek in die gemeente. Ons dink dat ons weet hoe ons lidmate voel oor sekere sake in die Kerk. Die probleem is dat die negatiewes en ongelukkiges altyd harder skree as dié wat tevrede is, en dit beïnvloed die beeld wat ons van ons lidmate het.

'n Totaal van 380 e-posse met 'n internetskakel na die vraelys is uitgestuur aan die lidmate. Diegene sonder internet kon 'n hardekopie aanvra. Daar was 218 respondente wat aan die navorsing deelgeneem het. Dis die eerste les wat geleer is. Volgens die marknavorsing is dit 'n besonder goeie respons, terwyl ons in die Kerk geneig is om ontsteld te wees oor die 162 wat nie gereageer het nie. Fokus op wat jy het en nie op wat jy nie het nie. Die ander sal later volg.

Belangrik om vooraf te weet: 12% = 18-30 jaar oud; 30% = 31-40 jaar; 19% = 41-50jr; 19% = 51-60; 20% = ouer as 60. Wie sê dat die kerk se lidmate oumense is?

Die navorsing het die belangrikste oorweegredes met betrekking tot die bywoning van eredienste in volgorde van baie belangrik tot minder belangrik soos volg getoon: (1) Ontvang ek 'n boodskap? (2) Hoe laat begin die diens? (3) Watter predikant preek? (4) Is dit 'n tradisionele of 'n kontemporêre diens? (5) Is die sangbegeleiding orrel of alternatief? (6) Die liturgiese orde van die erediens.

Hierdie is egter die resultate van slegs een gemeente. Dit kan nie van toepassing gemaak word op elke gemeente in die land nie. Elke gemeente is uniek. So is elke lidmaat uniek, en ons wat lidmate van die Kerk is, behoort op die pad vorentoe hierdie uniekheid te respekteer.

Krimpende lidmaatgetalle

Gasskrywer **prof Nelus Niemandt** van die NG Kerk gee sy mening oor dalende lidmaatgetalle. Die afname in lidmaatgetalle kan vergelyk word met die gang van 'n groot rivier wat in 'n delta invloei en in verskillende strome vertak – wat dan tot gevolg het dat die hoofstroom dunner word. Die verskillende strome speel elkeen 'n rol in die hoofstroom se kleiner vloei. En elkeen het unieke oorsake en gevolge.

Tog blyk dit wêreldwyd dat nie net kerke nie, maar baie sosiale instellings soos sportklubs en diensorganisasies 'n afname in lidmaatskap ervaar. Dit het meermale bloot met mense se individualisering en besige lewens te doen. Daarby het die dalende geboortekoers 'n groot effek, asook die demografiese werklikheid van emigrasie. Mense beskou hulself ook al hoe meer as geestelik eerder as godsdienstig. Al dié strome het gesamentlik 'n groot impak, en die NG Kerk sal, saam met ander tradisioneel Afrikaanse kerke, bewustelik moet nadink oor die implikasies van hierdie tendens.

Ander berigte

Daar is onder andere ook **ds Etienne Fourie** se berig oor die Konvent van Kerke van die Reformasie in Suidelike Afrika se verwerping van geweld teen vroue en kinders, **dr Jaco Beyers** se terugskouing oor die konferensie van die South African Missiological Society in Stellenbosch in Maart vanjaar, en nuus oor die doen en late van verskillende predikante van ons Kerk. In *Teologiese gesprek* skryf **ds Martyn Redelinghuys** dat ons voortdurend met gesprek en bekering besig behoort te wees, en ons huldig proff Bart Oberholzer en Andries Breytenbach, twee baanbrekers in Bybelvertaling. **Ds Ferdie Nortje** van Outeniqua se oordenking beklemtoon dat die hemelvaart vir ons nuwe hoop bring.